SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 5 SEPTEMBER 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE VROEË OGGEND KOFFIE NAELLOOP OP 8 SEPTEMBER

DIE SARL NASIONALE VELDDAG VOLGENDE NAWEEK

en

MEER OOR DIE TIPE GOEDKEURINGS KONSEP REGULASIES

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

DIE VROEË OGGEND KOFFIE NAELLOOP

Die tweede been van die Vroeë Oggend Koffie Naelloop duur van 03:00 tot 05:00 UTC (05:00 tot 07:00 SAT) op Woensdag 8 September 2021 met foon aktiwiteit op 80 meter. Die uitruiling is jou roepsein, 'n realistiese RS verslag en jou ouderdom. 'n QSO met 'n pensioenaris tel 2 punte en 'n QSO met 'n nie-pensioenaris tel 1 punt. Logstate in MS Excel-formaat moet ingedien word teen 23:59 SAT op Maandag 13 September 2021 per e-pos aan zs3vdk@webmail.co.za. Vind die reëls op bladsy 81 van die Blou Boek.

2021 ARRL HANDBOEK EN ANTENNA BOEK NOU BESKIKBAAR

Die SA Amateur Radio Ontwikkelingstrust aanlyn boekwinkel het die 2021 ARRL Handboek in sagte-omslag formaat in voorraad, sowel as 'n weergawe in ses volumes. Die nuwe Antenna Boek is beskikbaar in 'n boks formaat. Die ander nuweling is die RSGB Sagteware Ontwerpte Radio boek. Besoek www.amateurradio.org.za vir bestellings en meer inligting oor die boeke.

DIE SARL NASIONALE VELDDAG

Die tweede been van die SARL Nasionale Velddag duur van 08:00 UTC (10:00 SAT) op Saterdag 11 September tot 06:00 UTC (08:00 SAT) op Sondag 12 September 2021. Die doel van die Velddag is om soveel as moontlik stasies in Suider-Afrika op al die HF amateur bande (uitgesluit die 60, 30, 17 en 12 m bande) te werk. Foon, GG en enige digitale modus wat die volledige uitruiling

kan stuur, kan gebruik word. Die uitruiling is die aantal senders by jou stasie, die Velddag-bedryfsklas en jou provinsiale of lands-afkorting.

Jy kan deelneem as 'n veldstasie, multi-operateur; Veldstasie, multi-operateur, QRP; Veldstasie, enkel-operateur; Veldstasie, enkel-operateur, QRP; Ultra-lig draagbare stasie; Agtertuin stasie of 'n algemene stasie. Logstate in ADIF, Cabrillo met 'n opsommingsblad of MS Excel-formaat moet teen 23:59 SAT op Vrydag 17 September 2021 per e-pos aan zs4bfn@mweb.co.za ingedien word. Blaai na bladsy 88 van die Blou Boek vir die reëls.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

MEER OOR DIE TIPE GOEDKEURINGS KONSEP REGULASIES

Die SARL het hierdie week meer gesprekke met OKOSA gehad en berei nou 'n verdere reaksie voor op die Konsep Regulasies en die uitslag van die onlangse openbare verhoor. Tuisgemaakte amateur radio-toerusting sal ingevolge die nuwe regulasies geen kennisgewing vereis nie. Die probleem is kommersiële toerusting wat nog goedgekeur moet word. OKOSA kom egter tot die konsep van self-konformiteit toetsing, wat beteken dat die invoerder 'n toets-sertifikaat wat deur die vervaardiger verkry is by enige geakkrediteerde toetslaboratorium in die land van vervaardiging of elders in die wêreld, kan indien. 'n Soortgelyke proses word gevolg in die VSA en Europa.

Die SARL het ook daarop gewys dat die lang vertragings in die afhandeling en publikasie van die Regulasies 'n ernstige terugslag vir Suid-Afrikaanse radio amateurs is en het versoek dat 'n dringende vergadering gereël word om 'n tussentydse oplossing te bespreek.

KOMPETISIE NUUS

Die tweede been van die SARL VHF/UHF Digitale kompetisie vind plaas van 05:00 tot 11:00 UTC op Saterdag 18 en Sondag 19 September. Kry al die reëls op bladsy 47 van die Blou Boek.

Een en dertig logstate is ontvang vir die SARL 40 m Ruitvierkant Naelloop wat op 28 Augustus gehou is. Die kontroleproses is aan die gang en die uitslae sal in die komende week in HF Happenings 963 gepubliseer word.

Agt logstate is ontvang vir die SARL HF GG kompetisie wat op Sondag 29 Augustus gehou is

Klub uitslae

1ste die Bloemfontein ARK - 88 punte

2de die Kaap Radio Groep - 58 punte

3de die Lichtenburg ARK - 56 punte

Enkel-operateur Enkel-band

1ste Eddie Leighton, ZS6BNE - 56 punte

2de Charles le Roux, ZS1CF - 36 punte

Enkel-operateur Alle-band

1ste Jan Botha, ZS4JAN - 88 punte

2de Ludwig Combrinck, ZS5CN - 68 punte

3de Celso Moreira, ZS1MYG en Chris de Beer, ZR6C - 58 punte

KLUB NUUS

Die Oos-Rand Radioklub snuffel mark word gehou van 09:00 - 12:00 SAT op Saterdag 2 Oktober 2021 te Ebenezerweg, Arrowe Park, Benoni. Besprekings vir 'n tafel of motor kattebak teen R20 kan gedoen word by zs6erb@gmail.com of bel ZS6JDY by 064 543 7252 om te bespreek. Worsrolletjies en koeldrank is te koop en alle Covid-protokolle sal nagekom word.

HF VOORTPLANTING BY DIE DAG EN NAGEWENING

Hier kom die lente, die tyd van die jaar wanneer die suidelike halfrond uit die winter kom en op die HF-bande uitsien na die lente. Terselfdertyd is die amateurs van die noordelike halfrond klaar met hul HF aktiwiteite vir die somertyd. Reg in die middel van hierdie oorgang is September se lente dag en nagewening vir die suidelike halfrond en die herfs dag en nagewening vir die noordelike halfrond. Watter uitwerking het die dag en nagewening op HF -voortplanting? Lees die artikel in HF Happenings 963 wat in die komende week gepubliseer sal word.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag tot gematig gaan wees. Tans is daar twee sonvlekke sigbaar en daar is 'n moontlikheid van geringe C-klas sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van agt vir die week gebruik. Radio amateurs kan vroegoggend en laatmiddag goeie DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

6 en 8 September - Rosh Hashanah

8 September - die Vroeë Oggend Koffie Naelloop

11 en 12 September - die SARL Nasionale Velddag en die WAE ESB kompetisie

13 September - die Wesrand ARK vergadering

15 September - die SARL 80 m Woensdag Klub naelloop

15 en 16 September - Yom Kippur

18 September - die Magalies en Highway ARK vergaderings

18 en 19 September - die SARL BHF/UHF Digitale kompetisie

Om die bulletin mee af te sluit, ‘n opsomming van ons hoof berig:

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die ’news inbox’ skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na ”Amateur Radio Today.” Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. ’n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur ’n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na ’n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saam gestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Deon Erwin, ZS1ZL en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week vorentoe.